basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013

GRAAD 3

AFRIKAANS HUISTAAL

EKSEMPLAAR VRAESTELLE

Hierdie boekie bestaan uit 32 bladsye, voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Hoe om die eksemplaar vraestelle te gebruik

Alhoewel die eksemplaar vraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie**. **Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les**. Sorgvuldig geselekteerde individuele eksemplaar vraestelle of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas testel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

2. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die eksemplaar vraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

Lees die storie en beantwoord vrae 1 tot 6.

Een Saterdagoggend, het Tumi rond gehardloop om hom gereed te maak vir die dag waarvoor hy so lank gewag het. Hy was geklee in sy sokkerspan se t - hemp en het ook sy serp om sy nek gehad. Hy was baie opgewonde. Sy ma het aan hom gevra, “Tumi waarom is jy so opgewonde vanoggend. Wat gaan aan?”

“Ma! Het jy vergeet? Die groot dag het uiteindelik aangebreek! Ons skool bied die Jacksonville Primêre Liga finale skole sokkerwedstryd aan. Onthou, Jacksonville het verlede jaar gewen, maar my span, Real Rovers Primêr het belowe dat ons vanjaar die beker sal wen”.

Met sy vuvuzela in sy hand, hardloop hy na die skoolpark toe. Soos hy stap groet hy almal wat hy kry en vra ook dat hulle sy span moet ondersteun. Met sy aankoms by die sokkerveld het hy gou vir hom ‘n sitplek in die voorste ry gaan soek.

Die skeidsregter blaas sy fluitjie. Die wedstryd het begin. Die toeskouers het gefluit, geraas en uit volle bors gesing. Tumi het die hardste gesing en ook op sy vuvuzela geblaas.

Beide spanne het gesukkel om punte aan te teken en die eerste helfte het geëindig sonder enige doele. Sommige toeskouers was baie ongelukkig, maar Tumi, die span se grootste ondersteuner het positief gebly. Hy het geskree, “Kom nou manne, ek weet julle kan dit doen. Julle is mos wenners!” Hy het sy vuvuzela so hard as wat hy kon geblaas.

In die tweede helfte het Tumi nog steeds sy span aangemoedig, maar die slag het hy van die pawiljoen afgeklim en al langs die veld gehardloop. Sy span het vier doele aangeteken en die opponente het geen doele aangeteken nie. Die skeidsregter het die fluitjie geblaas om die einde van die wedstryd aan te dui. Real Rovers Primêr het die beker gewen!

Al die ondersteuners het die oorwinning gevier. Tumi het op en af gespring van opgewondenheid. Hy het gillend en singend huis toe gegaan.

1.1 Gee ‘n titel vir die storie.

Skryf dit op die lyn.

.....

1.2 Wat dink jy sal ‘n goeie naam vir die storie wees?

.....

1.3 Waaroor handel die storie?

Skryf slegs een sin.

.....

2.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

... is die hoofkarakter in die storie.

A Tumi se ma

B Die skeidsregter

C Tommie

D Tumi

2.2 Omkring die korrekte antwoord.

Die storie gaan oor (Vuvuzela Tommie Tumi Tuli).

2.3 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die belangrikste karakter in die storie is ...

Die skeidsregter.	
Mamma.	
Tumi.	
Tom.	

3.1 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die sokkerwedstryd was gespeel ...

op die straathoek.	
in die parkeerarea.	
op die sokkerveld.	
by die stadion.	

3.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waar was die sokkerwedstryd gespeel?

A Op die skool se sokkerveld.

B Op die straathoek.

C In die parkeerarea.

D By die stadion.

3.3 Omkring die korrekte antwoord.

Real Rovers Primêr speel hulle sokkerwedstryd ...

(op die sokkerveld, in ‘n parkeerarea, by die skoolpark, by die stadion).

4.1 Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.

Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die korrekte volgorde aan te dui.

Weg is hy na die skoolpark toe.	
Hy het gillend en singend huistoe gegaan.	
Met sy aankoms het hy hom na die sokkerveld gehaas.	
Tumi het sy span aanhou ondersteun.	

4.2 Skryf die sinne oor in die regte volgorde.

Tumi het sy span aanhou ondersteun.
Hy het gillend en singend huistoe gegaan.
Met sy aankoms het hy hom na die sokkerveld gehaas.
Weg is hy na die skoolpark toe.

4.3 Is die orde van gebeure in die storie reg?

Maak 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Tumi het na die skoolpark gegaan. Hy het hom gehaas na die sokkerveld om 'n sitplek te kry. Hy was baie opgewonde toe sy span wen. Hy het gillend en singend huistoe gehardloop.

Ja	
Nee	

5.1 Sommige van die ondersteuners was ongelukkig. Waarom?

Skryf slegs een sin.

Sommige van die ondersteuners was ongelukkig omdat

.....

.....

.....

.....

5.2 Waarom was Tumi na die wedstryd so gelukkig?

Skryf slegs een sin.

Tumi was gelukkig omdat .....

.....

.....

.....

5.3 Gee een rede waarom jy dink Tumi opgewonde was om op ‘n Saterdag - oggend skool toe te gaan.

Skryf slegs een sin.

Tumi was opgewonde omdat .....

.....

.....

.....

6.1 Tumi het van die pawiljoen afgeklim en langs die veld gehardloop. Waarom dink jy het hy dit gedoen?

Skryf slegs een sin.

Tumi het langs die veld gehardloop .....

.....

.....

.....

6.2 Waarom dink jy wou Tumi in die voorste ry gesit het?

Skryf slegs een sin.

Tumi wou in die voorste ry sit omdat.....

.....

.....

.....

6.3 Wat kan ons uit die storie leer?

Skryf slegs een sin.

Die storie .....

.....

.....

.....

7.1 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae.

7.1.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Die kinders ...

A maak musiek.

B slaap.

C dans.

D hardloop.

7.1.2 Maak 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die seun aan die linkerkant, met die swart hare, speel die ...

tromme.	
fluit.	
klavier.	
viool.	

7.1.3 Omkring die korrekte antwoord.

Die kinders is almal (bang gelukkig kwaad hartseer).

7.2 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae.

7.2.1 Omkring die korrekte antwoord.

Die groep kinders (skree praat sing huil).

7.2.2 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Daar is ... sangers in die groep.

drie	
vier	
vyf	
twee	

7.2.3 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Die persoon in die middel van die groep is ‘n...

A vrou.

B man.

C seun.

D dogter.

8.1 Antwoord die vrae in die “Verlede Tyd”.

8.1.1 Skryf die sin oor in die verlede tyd.

Tumi is opgewonde, terwyl die ander toeskouers hartseer is.

.....

.....

.....

8.1.2 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die sin wat in die verlede tyd geskryf is.

Mammma koop groente by die winkel.

Mamma het groente by die winkel gekoop.	
Mamma sal groente by die winkel koop.	

8.1.3 Voltooi die sin in die verlede tyd.

Kies die regte woord uit die blokkie.

gesing	sing

Die kinders het in die koor ..... .

8.2 Antwoord die vrae in die “Teenwoordige Tyd”.

8.2.1 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die sin wat in die teenwoordige tyd geskryf is.

Hy het hard gesing terwyl die spelers ‘n doel geskop het.

Hy sal hard sing terwyl die spelers ‘n doel skop.	
Hy sing hard, terwyl die spelers ‘n doel skop.	

8.2.2 Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd.

Die melk was ‘n winskopie by die winkel.

.....

.....

.....

8.2.3 Voltooi die sin in die teenwoordige tyd.

Kies die regte woord uit die blokkie.

gespeel	speel

Die seun ..... op die tromme.

9.1 Antwoord die vrae oor “Naamwoorde”.

9.1.1 ‘n Naamwoord is ‘n noemwoord.

Omkring twee naamwoorde in die sin.

Die span lyk mooi in hulle nuwe truie.

9.1.2 ‘n Naamwoord is ‘n noemwoord.

Voltooi die sin deur twee naamwoorde in die oop spasies in te vul.

Die ..... eet sy .....

9.1.3 ‘n Naamwoord is ‘n noemwoord.

Is die onderstreepte woorde naamwoorde?

Die <u>kinders</u> speel met die <u>instrumente</u>.

Ja	
Nee	

9.2 Antwoord die vrae oor “Voornaamwoorde”.

9. 2.1 ‘n Voornaamwoord word gebruik in die plek van ‘n naamwoord.

Voltooi die sin deur twee voornaamwoorde in die spasies in te vul.

John geniet dit om ..... werk te doen, terwyl Marie nie van ..... werk hou nie.

9. 2.2 ‘n Voornaamwoord word gebruik in die plek van ‘n naamwoord.

Is die onderstreepte woorde voornaamwoorde?

Hulle speel hulle instrumente by <u>die</u> konsert.

Ja	
Nee	

9.2.3 ‘n Voornaamwoord word gebruik in die plek van ‘n naamwoord.

Omkring twee voornaamwoorde in die sin.

Die toeskouers het hulle span toegejuig omdat hulle baie opgewonde was.

9.3 Antwoord die vrae oor “Voegwoorde”.

9.3.1 ‘n Voegwoord voeg twee of meer sinne saam.

Omkring een voegwoord in elke sin.

a. Die apie doen toertjies en die leeu slaap.

b. ‘n Haas eet wortels, maar ‘n leeu eet vleis.

9.3.2 ‘n Voegwoord voeg twee of meer sinne saam.

Is die onderstreepte woorde voegwoorde?

a. Die seun hardloop baie vinnig <u>en</u> skop ‘n doel.

b. Sommige van die toeskouers was hartseer <u>maar</u> Tumi was bly.

Ja	
Nee	

9.3.3 ‘n Voegwoord voeg twee of meer sinne saam.

Voltooi die sinne deur voegwoorde in die spasies in te vul.

a. Die seun speel die tromme ..... die meisie speel die klavier.

b. Die seuns speel die instrumente ..... die meisie sing.

10.1 Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.1.1 Die tellinghouer ..... die telling neer.

10.1.2 ‘n Baba skaap word ‘n  ..... genoem.

10.1.3 Ek sny die brood met ‘n  .....

10.2 Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.2.1 Die doelskieter het lang  ..... .

10.2.2 Ek het **2** ..... hande.

10.2.3 Die  ..... is rooi.

10.3 Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.3.1 Die ..... hardloop op die veld.

10.3.2 Daar is vier ..... by die partytjie.

10.3.3 Ek borsel my .....

11.1 Vul die nodige leestekens in.

11.1.1 Vul twee leestekens by die sin in.

mandla het die eerste doel van die dag aangeteken

.....

.....

.....

11.1.2 Omkring die komma en vraagteken.

Waar is die apies, leeus en kameelperde?

11.1.3 Maak ‘n kruisie (x) in die blokkie langs die sin met die regte leestekens

“Stop!” sê die juffrou.	
Stop, “sê die juffrou.”	

11.2 Vul die leestekens in.

11.2.1 Omkring die hoofletter en die punt.

Daar is baie diere in die dieretuin.

11.2.2 Maak ‘n kruisie (x) in die blokkie langs die sin met die korrekte leestekens.

Waar is die tromme viole, en fluite.	
Waar is die tromme, viole en fluite?	

11.2.3 Vul twee leestekens by die sin in.

Laduuuuuma het Tumi geskree.

.....

.....

.....

11.3 Vul die leestekens in.

11.3.1 Maak ‘n kruisie (x) in die blokkie langs die sin met die regte leesteken.

Die kinders sing in die koor.	
Die Kinders sing in die koor.	

11.3.2 Omkring die uitroepteken en die aanhalingstekens.

Die kinders huil, “Mamma ons moet nou na die dieretuin toe gaan!”

11.3.3 Vul twee leestekens by die sin in.

Wat het die spelers ondersteuners en afrigters na die wedstryd gedoen

.....

.....

.....

12.1 Vul die korrekte werkwoord in die spasies.

Ons sê:

Die span speel ‘n sokkerwedstryd.

maar

Die span het ‘n sokkerwedstryd ..... .

Die seun het die water op die veld gedra.

maar

Die seun ..... die water op die veld .

12.2 Kies die korrekte werkwoord uit die blokkies.

Skryf dit op die lyn.

sing	gesing

Die koor het ’n mooi lied ..... .

speel	gespeel

Die dogters ..... op die fluite.

12.3 Omkring die korrekte antwoord.

Die vrou (koop coop) kruideniersware by die winkel.

Die winkeleienaar (werk weet) in sy winkel.

13.1 Lees die volgende tabel en antwoord die vrae.

Kos wat leerders by die sokkerwedstryd eet		
Naam	Ontbyt	Middagete
Alan	Melk en ‘n toebroodjie.	Sap en ‘n worsbroodjie.
Ntombi	Water, ‘n toebroodjie en vrugte.	Sap en vrugteslaai.
Tumi	Melk en ‘n toebroodjie.	Sap en ‘n worsbroodjie.
Jed	Vrugte en melk.	Springmielies, sap, worsbroodjie en ‘n vrugteslaai.

13.1.1 Wat ter leerders het dieselfde ontbyt geëet?

.....

13.1.2 Een leerder het iets anders vir ontbyt gedrink as die ander leerders.

Wie was die leerder?

.....

13.1.3 Al die leerders het ‘n sap en iets gehad om te eet vir middagete.

Wie was baie honger en het alles wat op die spyskaart was geëet?

.....

13.2 Lees die volgende tabel en beantwoord die vrae.

Tuiswerk			
Dag	Taal	Wiskunde	Lewensvaardigheid
Maandag	Spel en skryf	Verbindings	Rugby
Dinsdag	Lees en skryf	Verbindings	Rugby
Woensdag	Lees en skryf	Aan en terugtel	Netbal
Donderdag	Spel en skryf	Aan en terugtel	Rugby en netbal

13.2.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Op watter dag lees en tel die kinders?

A Maandag

B Dinsdag

C Donderdag

D Woensdag

13.2.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Watter sport word op ‘n Maandag en Dinsdag gespeel?

A geen sport

B slegs rugby

C slegs netbal

D netbal en rugby

13.2.3 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Watter huiswerk is dieselfde vir elke dag?

A aantel en terugtel

B lees

C skryf

D spel

13.3 Lees die volgende tabel en antwoord die vrae.

Snoepie met 'n gesonde spyskaart		
Maandag	Woensdag	Vrydag
Vis, kapok aartappels en melk.	Kaastoebroodjie en sap.	Hoendertoebroodjie en melk.
Vrugteslaai en melk.	Hoenderslaai en melk.	Groentesop en brood.
Hoenderslaai en melk.	Vis, slaai en sap.	Vrugteslaai en melk.
Kaastoebroodjie en melk.	Hoendersop.	Vis, kapok aartappels en sap.

13.3.1 Watter tipe toebroodjie kan op 'n Woensdag gekoop word?

.....

13.3.2 Op watter dag kan jy sop en brood koop?

.....

13.3.3 Op watter dag kan jy melk koop, maar geen sap nie?

.....

14.1 Lees die volgende grafiek en antwoord die vrae.

Gunsteling sportsoorte

Sport kodes	Sokker								
	Rugby								
	Netbal								
	Hokkie								
	Leerders	1	2	3	4	5	6	7	8

14.1.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Vergelyk die getal leerders wat verskillende sportsoorte beoefen. Watter sportsoort is die gunsteling?

A netbal

B hokkie

C sokker

D rugby

14.1.2 Maak ‘n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Hoeveel meer leerders verkies rugby bo hokkie?

6	
4	
3	
1	

14.2 Lees die volgende grafiek en beantwoord die vrae.

<u>Toeskouers by ‘n sokkerwedstryd</u>

Getal toeskouers					
	10			☺	
	9			☺	
	8			☺	
	7			☺	
	6			☺	
	5			☺	
	4			☺	☺
	3		☺	☺	☺
	2		☺	☺	☺
	1	☺	☺	☺	☺
		Vroue	Dogters	Seuns	Mans

14.2.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Hoeveel dogters het na die sokkerwedstryd gekyk?

A 10

B 4

C 3

D 1

14.2.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Vergelyk die toeskouers wat na die wedstryd gekyk het. Wie hou die meeste van dié sport?

A vroue

B dogters

C mans

D seuns

14.3 Lees die volgende grafiek en antwoord die vrae.

Maniere om by die skool te kom



14.3.1 Maak 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die meeste kinders kom skool toe met ...

die taxi.	
die skoolbus.	
die motor.	
stap.	

14.3.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Watter breuk deel van die leerders stap skool toe?

A ‘n kwart.

B ‘n agtste.

C ‘n derde.

D die helfte.

15.1 Skryf twee paragrawe van ten minste 10 sinne oor My gunsteling sport.

Maak seker jy gebruik die korrekte leestekens, taal en spelling.

My gunsteling sport.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

15.2 Skryf twee paragrawe van ten minste 10 sinne oor My besoek aan 'n winkel. Maak seker jy gebruik die korrekte leestekens, taal en spelling.

My besoek aan 'n winkel.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

15.3 Skryf twee paragrawe van ten minste 10 sinne oor jou onderwyser.

Maak seker jy gebruik die korrekte leestekens, taal en spelling.

My onderwyser

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....